DIREK AAN JOU

Kom ons praat en luister anders

DIE VISIE VAN 'n nierassige, nieseksistiese demokrasie bly vir ons aantreklik. Die aantrekkingskrag spruit uit die diepgevoelde behoeftes en aspirasies van die meeste Suid-Afrikaners. Dit is 'n dwingende visie wat doelgerigtheid en sinvolheid bied. Só word dit 'n oogmerk, en definieer dit wat moontlik is. Om dié ideaal te omarm, veronderstel toewyding en voortdurende werk om te kan word wat ons wil wees.

Suid-Afrika se Grondwet eis en belowe 'n verbintenis tot persoonlike, sosiaal-maatskaplike, politieke en ekonomiese transformasie. Sommige senior regters het oor die aspirasies geskryf wat in die Grondwet beliggaam word en die noodsaak om die groot ongelykhede in die samelewing te takel.

Hierdie visie van 'n inklusiewe gemeenskap vereis ons toewyding aan 'n nasionale etos en aktiewe deelname aan die skep van 'n nuwe samelewing.

Die term 'rassisme' verwys na die aanname dat party rasse inherent meerderwaardig of minderwaardig is, met die gepaardgaande neiging om mag te gebruik om mense uit te sluit. Dit is nuttig om tussen verskillende vorms van rassisme te onderskei. Wat Suid-Afrika betref, vertoon die ou soort rassisme 'n meer overte en eksplisiete houding van meerderwaardigheid, terwyl moderne rassisme kovert en subtiel is. Moderne rassisme kom soms tot uitdrukking in dinge wat namens ander gedoen en gesê word en deur betekenisvolle kontak te vermy met dié wat as anders en minderwaardig beskou word. Die bestaan van talle eksklusiewe groepe en die neiging om net vir die spesifieke belange van sekere groepe voorspraak te maak, kan as voorbeelde van moderne rassisme beskou word. In 'n nierassige samelewing sal ras dus nie gebruik word as 'n maatstaf om mense in of uit te sluit nie.

PROF JULIAN SONN

'Die ou soort rassisme vertoon 'n meer overte en eksplisiete houding van meerderwaardigheid, terwyl moderne rassisme kovert en subtiel is.'

In 'n patriargale samelewing, soos ons s'n, bly seksisme 'n politieke en sosiale werklikheid. Die wydverspreide aanname is dat mans meerderwaardig is, en dit gaan gepaard met die gebruik van mag om vroue uit invloedryke posisies te hou. Sommige godsdienste lê 'n blatante soort outydse seksisme aan die dag en het 'n groot invloed op vorms van seksistiese sosialisering. Moderne seksisme, aan die ander kant, manifesteer op verskillende wyses: meer algemeen deur 'n vermyding van kontak en 'n verontagsaming van die werklikhede van geslagsverskille. Dit is nie ongewoon dat die senior strukture van ondernemings net een of twee vroue insluit nie, en mans lyk oor die algemeen heel gemaklik met dié mate van uitsluiting. Om 'n nieseksistiese samelewing tot stand te bring, moet geslag nie as 'n kriterium gebruik word om iemand in of uit te sluit nie, en geslagverskille moet erken en verstaan word.

Om inklusief te wees, behels meer as om verteenwoordigend te wees. Insluiting impliseer ook 'n bemagtigde teenwoordigheid in 'n bevestigende en ondersteunende omgewing, om 'n ope betrokkenheid aan te moedig. Om immer bewus te wees van wie teenwoordig is, is 'n goeie beginpunt om die ideaal van inklusiwiteit te bereik.

Baie is al oor demokrasie en die wyer implikasies daarvan geskryf. Mense soos dr Nelson Mandela se oorspronklike aandrang op die demokratiese beginsel van een volwassene, een stem is betekenisvol – om insluiting en geloofwaardigheid teweeg te bring. Die skep van demokratiese strukture het ook implikasies vir hoe ons vandag bestuur en lei. Dit vereis letterlik dat ons op 'n ander wyse praat én luister, en seker maak dat almal wat geraak word inspraak het in die besluite wat geneem word.

Transformasie is die kern van die grondwetlike belofte. Die uitleef van hierdie beginsel sluit talle lewenstereine in en vereis transformasie-leierskap en die bereidwilligheid om die verandering te wees wat ons in die wêreld wil sien, om Mahatma Gandhi se woorde te parafraseer.

Nog 'n vereiste is die bereidwilligheid om onsself en ander te vergewe.

Om nie te vergewe nie, is 'n struikelblok vir verandering en heling. Om te vergewe verg dat ons die verlede ken, onthou en aanvaar, sonder om hatig te wees. Vergiffenis maak die deur oop vir die moontlikheid van versoening en transformasie. Dikwels verg dit die bereidwilligheid om die verskillende verhale te vertel en te beluister, sonder om 'n oordeel te vel. In hierdie eerlike gesprekvoering vind persoonlike verandering plaas.

Ons moet onsself daaraan herinner dat eksklusiwiteit die koloniale en apartheidsdinamiek was wat in die lewens van die meeste Suid-Afrikaners verwoesting gesaai het. Laat ons nie vergeet hoe sterk en vasbeslote ons was om die onvolhoubare patrone van die verlede te oorkom en op geleenthede te fokus om groter gelykheid te bewerkstellig nie. a

PROF JULIAN SONN, wat in 2005 by die USB aangestel is, is deel van 'n span akademici wat die verpersoonlikte leierskapsontwikkelingsproses van MBA-studente in die Leierskapsmodule fasiliteer.

Stuur jou kommentaar

na agenda@usb.ac.za of

sms 39841 (standaardtariewe geld)